# DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin




Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


**6 Februarie 2022**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Matteus 7: 24 - 27 asook Lukas 6: 46 - 49 |
| **Tema** | Gehoorsaam bou op Jesus Christus |
| **Sang** | Psalm 48: 1, 4<br>84: 6<br>Skrifberyming 14-1: 1, 2, 3<br>Psalm 115: 7, 9<br>Skrifberyming 15-1: 1, 2, 4 |

Ons het verlede week in Deut 6 gehoor dat ons hele lewe gehoorsaamheid aan die Here moet wees. Ons is 24/7 Christene. Die Here eis ons volkome aandag. Dit word bevestig deur ons Here Jesus se preek op die oewer van die meer van Galilea. Die preek begin met die woorde: “Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is”. Israel was in die woestyn in alles van die Here afhanklik. Hy het daagliks kos en water aan die volk voorsien. Hy neem hulle in die woestyn in en herprogrameer hulle denke om nie meer by Egipte se baie afgode vas te haak nie, maar om die troue Verbondsgod se liefde en sorg raak te sien.

Ons Here Jesus preek soos geen ander leermeester voor Hom nie. Sy woorde herprogrameer mense se gedagtes en verander hulle hertsgesindheid deur die inwerking van die Heilige Gees. Daarom het die gelykenisse betekenis wanneer ons die woorde in Luk 6 vers 46 reg hoor: Doen wat die Here sê. Die Here verduidelik die waarheid op ‘n baie eenvoudige wyse aan ons, sodat selfs die kinders dit kan verstaan. As jy nie jou lewensfondament op Hom bou nie, word die mooiste huis ‘n puinhoop, sodra die storms van die lewe kom. Wanneer ons ‘n huis bou, kan jy nie kort paaie vat nie. Ons sorg dat ons ‘n bekwame argitek en bouer kry om die plan uit te voer. As jy jou huis, jou geloofslewe in die gelykenis, op die rots Jesus Christus bou, sal jy staande bly. Chritus leer ons die Vader se liefde konkreet wanneer Hy alleen aan die kruis hang en vir ons versoening doen, om ons deel van Sy ewige huis te maak.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons innige simpatie met Julie Oelofse en haar gesin met Hennie wat oorlede is. Ons bid julle die troos en bystand van die Here toe.
* Ons dank die Here dat Adriaan vd Walt ontslaan is en tuis kan aansterk. Ons bid jou en Elzje die seën van die Here toe.
* Ons bid vir tannie Ans vd Walt wat in die hospitaal opgeneem is. Mag die Here verligting vir die pyn en ongemak gee.
* Ons bid vir Magda Burger wie se kanker versprei het. Mag die Here jou op die pad begelei en geestelik versterk.
* Ons is dankbaar dat Riana Olivier tuis kan aansterk na die operasie. Seën vir jou en Albie.
* Die Koningskinders nooi ons gemeentekinders en hulle ouers na ‘n pannekoekaand by GK Pietersburg-Noord op 17 Februarie om 17:30. Ons nooi verder ook almal wat nie wil kos maak nie, om ons aksie te ondersteun. Dit is gratis. Skryf jou naam op die lys agter op die bord. Ons vra dat die jong getroudes ons sal kom help om die pannekoek te bak.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 6 FEB

**Diensbeurt:** Wyk D3

**Katkisasie:** Graad 7

**Ouderling:** **Hennie Combrink**

**Diaken:** **Daleen Coetsee**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**6 Februarie 2022** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 8Feb 2022 | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 9 Feb 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 9 Feb 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 10 Feb 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 10 Feb 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 7 Feb | Cassie Carstens<br>Kiewiet Du Rand<br>Henno vd Walt | 66<br>49<br>46 | B<br>B<br>B | 081 354 3400<br>082 882 7975<br>079 083 1932 |
| Wo 9 Feb | Johano vd Walt<br>Xander Weidemann | 27<br>5 | B<br>D | 084 503 9434<br>082 610 0623 |
| Vr 11 Feb | Nadia Kotze<br>Daniel Snyman | 37<br>7 | B<br>D | 082 398 0114<br>079 500 3458 |
| Sa 12 Feb | Salomie Smit<br>Juné Carstens | 47<br>9 | B<br>D | 082 543 1809<br>072 537 4154 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 8 Feb 1969 | Louis & Gerda Marx | 53 | 072 620 3404<br>079 510 8209 |

## YOUTUBE KANAAL

Lidmate moet asb kennis neem dat al die eredienste **"Life gestream"** word op YouTube.

Lidmate sal die link op die YouTube WhatsApp groep ontvang en kan dan die link volg om eredienste op 'n slimfoon, tablet of rekenaar te volg.

**Eredienste begin steeds Sondae om 09:30 in die kerkgebou.**



# SUSTERS BYEENKOMS



# ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :



Belydende lidmaat Chris Hoogendyk vanaf GK Krugersdorp-Wes.

Belydende lidmaat Thinus vd Walt vanaf GK Krokodilrivier.

Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Gemeubileerde een slaapkamer woonstel met ‘n sitkamer / kombuis en badkamer beskikbaar op Dalmada.

Maandelikse huur beloop R 3 500.00 per maand. Deposito is betaalbaar, maar kan met eienaars bespreek word.



Water is by huur ingesluit , maar krag is “pre paid”.

Skakel Brenda Koekemoer
op 082 696 9227 of Theuns Koekemoer op 082 083 1058
vir meer inligting.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92
OKT
R 111 270.83
R 131 749.06
NOV
R 119 456.00
R 148 081.17
DES
R 148 026.00
R 139 167.17


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 19 667.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
NOV
R 45 686.72
R 19 607.58
DES
R 26 780.00
R 26 363.64

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.*

*Matteus 7; 24*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS